

# By die robot in Eerstelaan

Marita van Aswegen



## By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen

1 twee pare voete girts oor die teer  
2 sy arm en nek is so styf en seer  
3 sy bene so lam van gister se staan  
4 ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

5 motors se bande knars tot stilstand  
6 in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand  
7 hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan  
8 hier by die robot waar hy die dag omstaan

9 sy arm word gepluk en geruk en hy skrik  
10 toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik  
11 “ons beter geld kry, of ek los jou hier,”  
12 sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

13 sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind  
14 hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?  
15 die verkeerslig klik en die enjins brul saam  
16 sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

17 trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie  
18 hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie  
19 die verkeerslig klik en bande skuur oor teer  
20 sy arm en skouers is so styf en so seer

21 'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.  
22 as die dood hom tog net wil kom haal  
23 dan kan hy vir ewig en altyd rus  
24 die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

25 geld klingel in die blikkie en lê dan stil  
26 die duiwe koer en 'n kindjie jil  
27 "mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag  
28 hy draai sy kop skuins en hy wag

29 "hier is nog tien rand," sê die vrou  
30 "koop vir jou iets om aan te kou"  
31 die verkeerslig klik en hy hou aan met wag  
32 die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

Hierdie gedig gaan oor 'n bedelaar wat by Eerstelaan bedel.  
Hy is 'n ou blinde man en word deur 'n tsotsi misbruik.  
Die digter beskryf sy vrese en gevoel en wat hy beleef.

Die blinde man moet sin uit sy donker wêreld maak deur na klanke en geluide te luister. Stylmiddele wat gebruik word:

- Klanknabootsing/onomatopoeie
- Halfrym: alliterasie en assonansie

**Bou :**

**8 kwatryne**

**Paarrym**

**Enjambement r. 1-10; 12-26;  
27-28 en 31-32.**

**Bind gedagtes saam en  
verdoesel rym**

**Tema:**

**Mense wat swaar kry word uitgebuit.**

**Moenie neersien op arm mense nie**

**Stemming: simpatiek**

**“robot” kan dui op die robot beweging van die bedelaar  
soos 'n marionet en die tsotsi reguleer hom.**

Dit is twee mense (sinekgoee)  
Die een lei die bedelaar.

HALFRYM:  
Alliterasie: **s-klank**  
Assonansie: aa-klank

1 **twee** pare voete **girts** oor die teer  
2 sy arm en nek is so **styf** en **seer**  
3 sy bene so lam **van gister se staan**  
4 **ingehaak** volg hy **gedwee** waar hulle gaan

Hy het die vorige dag ook lank  
gestaan en bedel.

**Hy kan nie sien nie of te  
swak om alleen te loop**

(submissive)  
**gehoorsaam/gewillig**

Klanknabootsing/  
onomatopee

5 motors se bande **knars** tot stilstand  
6 in die blikkie **klengel** vyf sent en 'n rand  
7 hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan  
8 hier by die **robot** waar hy **die dag omstaan**  
**verkeerslig**

**Hy staan die hele dag daar**



9 sy arm word gepluk en geruk en hy skrik  
10 toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe **swik**  
11 “**ons beter geld kry, of ek los jou hier,**”  
12 **sis die tsotsi** en sy asem ruik na bier

**Skeef trap (stumble)**

**Die tsotsi dreig die blinde**

**Sis = slang se geluid**

**Eerste keer wat ons sien wie die blinde lei.**

**Metafoor: die tsotsi is soos 'n slang.**



**Vergelyking: Die bedelaar se hart klop word vergelyk met die hartklop van 'n bang kind. Beklemtoon hoe bang die bedelaar vir die tsotsi is.**

**Lêplek = waar hy slaap-plek kry. Hy het nie 'n huis nie.**

13 sy **hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind**  
14 hoe sal hy weer sy **lêplek** van hier af kan vind?  
15 die verkeerslig **klik** en die enjins **brul** saam  
16 sy **dowwe oë bewend opwaarts geslaan**

**Klanknabootsing**

**Bedelaar hoor hoe die verkeerslig groen word en die karre brul om weg te trek.**

**Sy oë is dof (dull). Lyk soos blinde se oë (letterlik) hy is nie gelukkig nie (fig). Dit bewe (tremble). Kyk op na God vir hulp.**

klanknaboetsing

17 trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie  
18 hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie  
19 die verkeerslig klik en bande skuur oor teer  
20 sy arm en skouers is so styf en so seer



Herhaling van r.2+3 – beklemtoon hy leef in pyn/  
hy is oud. (ook herhaling in r. 32)

“bande skuur”

Lig is weer rooi en motors  
moet vinnig stop/rem.

“motorruit tjier”  
Iemand draai hul  
motorruit af - om  
vir hom geld te  
gee.

klanknaboetsing

21 'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.  
22 as die dood hom tog net wil kom haal  
23 dan kan hy vir ewig en altyd rus  
24 die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal



Hy wens homself dood./  
Hy kry swaar.

“skraap sy keel” – wil iets sê.  
“spoeg” wil bedelaar beledig en  
wys hy is sy baas.

klanknabootsing

25 geld **klingel** in die blikkie en lê dan stil  
26 die duiwe **koer** en 'n kindjie **jil**  
27 “mammie hy’s blind,” **piep** ‘n dogtertjie sag  
28 **hy draai sy kop skuins en hy wag**

“jil” = jest

Dogtertjie is nie gewoond aan  
‘n blinde persoon nie

Probeer luister of iemand geld gaan ingooi of nie.



Blind Man, Its a beautiful day and I cant see it...!!!.mp4

29 “hier is nog tien rand,” sê die vrou  
30 “koop vir jou iets om aan te kou”  
31 die verkeerslig **klik** en **hy hou aan met wag**  
32 die **tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.**

“hy wag” – Herhaling r. 28  
Letterlik: wag dat die tsotsi hom weg lei  
of hy wag vir die volgende donasie.  
Figuurlik: Die bedelaar wag vir ‘n beter  
toekoms

klanknabootsing

Hy is tevrede met die bedelaar.